#19

# Skep 'n terrazzo-blad

Ons het 'n afgeleefde ou lessenaar in 'n byderwetse werkstasie omskep.

*Deur* **Shelly Bergh**
*Foto's* **Misha Jordaan**

**MAKLIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 2/10
**Vaardigheidsvlak** 2/10
**Tyd nodig** 1 dag







## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- krytverf in verskillende kleure; ons het Tjhoko Paint in Coral Stone (1 liter) en Ste'ffan (500 ml), en toetspotjies (28 ml) van Am's Rose Gold, Reddish Mellow, J'co en Comfort Blue gebruik
- Rust-Oleum Painter's Touch Gloss Black

**GEREEDSKAP**
- verfkwaste
- G-klampe
- lakverdunner
- skêr
- kombuissponsie • lap

## Só maak jy ...








**1** Maak al die oppervlakke van die lessenaar skoon met 'n droë lap en lakverdunner. Laat dit heeltemal droog word; verwyder intussen die laaie se handvatsels. Verf dan die basis van die lessenaar met twee lae Coral Stone (laat goed droog word tussen lae).




**2** Verf die laaivoorkante met twee lae Coral Stone (laat goed droog word tussen lae).




**3** Verf die lessenaarblad met drie lae Ste'ffan (laat goed droog word tussen lae).




**4** Knip die kombuissponsie in vier stukke.




**5** Bring nou terrazzo-tipe kolle op die blad aan met die vier sponsies en verf uit die toetspotjies. Druk die spons met 'n vee-aksie dat dit 'n oneweredige merk laat.




**6** Bedek die handvatsels met twee lae swart spuitverf (laat goed droog word tussen lae).




**7** Wag tot die verf droog is, skroef die handvatsels weer op hulle plek vas en skuif die laaie terug in die lessenaar. >>

**KONTAK Shelly Bergh** shellybergh.com



# ... ook vir jou nestafeltjies!

Dieselfde kleurryke voorkoms, maar dié keer met kwaste!

*Deur* **Annie Sloan**

**MAKLIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 2/10
**Vaardigheidsvlak** 2/10
**Tyd nodig** 1 dag

## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**

- 120 ml Annie Sloan Chalk Paint in Pure
- Annie Sloan Chalk Paint in Duck Egg Blue, Antoinette, Paris Grey, Paloma, Coco, Louis Blue en Burgundy
- 120 ml Annie Sloan Clear Wax
- klein Annie Sloan Chalk Paint Wax Brush
- Annie Sloan Detail Brush Set

**GEREEDSKAP**

- pluisvrye lap • beker water

### 'n Wenk van Annie Sloan

Werk vinnig sonder om jou eintlik te steur aan hoe jou merke lyk. Laai jou kwas met verf en druk die basis van die kwas plat op die oppervlak voor jy dit oplig (*sien foto 2*).

## Só maak jy ...

**1** As jy nie 'n wit oppervlak het nie, wend twee lae Annie Sloan Pure aan met 'n groot Annie Sloan Flat Brush. Doop dan 'n klein Annie Sloan Flat Detail Brush in Duck Egg Blue en maak blertse oraloor die blad. Moenie te veel daaroor dink nie – dis juis die onvolmaakthede wat dit mooi maak, nes die brokkies marmer in terrazzo. Neem van die merke oor die rand van jou blad om gesnyde terrazzo na te boots.


1


2

**2** Voeg nou nog blertse in Annie Sloan Antoinette by. Sorg dat die merke nie aan die eerstes raak nie en dat die spasies tussenin oneweredig is. Druk eenvoudig jou kwas op enige plek waar daar wit spasie is.


3

**3** Gaan so voort met Annie Sloan Paris Grey, Paloma, Coco, Louis Blue en Burgundy. Herhaal totdat daar amper nie meer wit spasie oor is nie. Die verf sal plek-plek dikker wees en die merke laat uitstaan, wat die oppervlak tekstuur sal gee. Laat die blad goed droog word wanneer jy tevrede is met die verhouding blertse tot wit spasie. Verseël jou tafel deur twee lae Annie Sloan Clear Wax aan te wend met 'n klein Chalk Paint Wax Brush of 'n pluisvrye lap.


4

**4** Poets die blad met 'n pluisvrye lap indien jy 'n ligte glans verkies (maar laat dié stap uit as jy dit mat wil hou). Probeer nou dié treffende effek teen 'n muur, op die vloer – net waar jy wil!

Dié artikel het voorheen in Annie Sloan se *The Colourist* (uitgawe 1) verskyn. Kry jou eksemplaar by Annie Sloan-verskaffers landwyd.